

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Personeelblad van die NWU

VOLUME 5 No 4 Julie 2011

Die NWU het weer vanjaar sy Comrades-atlete langs die roete bygestaan. Die ondersteunersgroep het self deel gevoel van die aksie by die Bonitas Comrades Expo wat voor die ultramarathon plaasgevind het. Voor van links is mnr Kaizer Phakathi, Potchefstroomkampus, en mnr Corrie Landsberg van die Mafikengkampus. Agter van links is me Elmarie Cronje van die Institusionele Kantoor, me Mary Tlhabi van die Mafikengkampus en mnr Johan van Zyl van die Potchefstroomkampus.



Op julle merke ...

Lees binne!

3 Kragverbruik onder die soeklig

8 Kreatiwiteit in Opvoedkunde

11 Minister open Opvoedkundegebou



BOODSKAP VAN DIE VISEKANSIELIER

Beste kollegas

Die winter het aangebreek en die tweede semester lê voor die deur. Dit is nou die ideale tyd om bestek op te neem.

Ons het onlangs die 2010-Jaarverslag afgehandel en weereens bewus geword van die uitnemende prestasie van die NWU ten opsigte van al die kernprestasië-areas.

Indien die tydperk 2005 tot 2010 in oënskyn geneem word, wys die duidelike groeitrajek

van die NWU dat ons onself gevestig het as 'n gerekende universiteit in die Suid-Afrikaanse hoërondwyssektor. (Kyk gerus weer na die video wat onlangs gemaak is en waarin ek 'n oorsig gee van ons onlangse prestasies: http://www.nwu.ac.za/static-content/media/VK_boodskap_Junie2011.wmv)

Ná die reeks onlangse vergaderings met elkeen van die kampusbesture is die Institusionele Bestuur ook bewus van die goeie vordering wat gemaak is met belyning van die kampusplanne met die Institusionele Plan. Ons sien uit na die effek van hierdie verhoogde vlakke van sinergie in die realisering van die NWU-roetekaart.

Ten opsigte van die volgehoue verfyning en verbetering van bestuursprosesse, is daar die volgende sake wat ek graag verder wil uitlig:

- Die KUALI-projek, 'n universiteitswyse projek waarby Institusionele Inligtingstechnologie, Finansies en Studentestelsels betrokke is, kry tans baie aandag. Hierdie internasionale projek is gemik op die ontwikkeling en instandhouding van oopbron-programmatuur vir universiteitsgebruik. Dit het die potensiaal om 'n groot verskil te maak in die manier waarop die administratiewe ondersteuningstelsel by die universiteit in diens van die kernbedryf aangewend kan word.
- Die omvangryke personeelkorpsprojek, wat deur die Institusionele Projektkantoor bestuur word, is gemik op ingeligte

daarstelling van 'n optimale personeelkomplement by die NWU. Vanweë die omvang van die projek moes dit in verskeie sub-projekte verdeel word, onder andere grootskaalse dataskoonmaak, tydstaatopnames, 'n mensehulpbronnelyningsproses en ook 'n ondersoek na die bekostigbaarheid van modules.

Goeie vordering is hiermee gemaak en na alle verwagting behoort ons teen die einde van Julie reeds 'n eerste posisiegedrewe organigram klaar te hê, wat op sy beurt belangrike inligting vir die finalisering van die 2012-begroting behoort te bied.

Ons is ook bly om te kan aankondig dat die universiteit se Lotto-aansoek vir 'n velodrome op die Potchefstroomkampus goedgekeur is.

Sodra die naamregte vir die borge gefinaliseer is, sal daar begin word met die konstruksie van die velodrome – die eerste houtfietsrenbaan in Afrika en beslis 'n groot deurbraak vir die verdere posisionering van die NWU op sportgebied.

Ek vertrou u het die welverdiende ruskans geniet en by voorbaat baie sterkte vir die tweede semester.

Hartlike groete

Thuns Elst

Eish!, saamstaan wêrk!

Die spangees by vanjaar se Comrades-marathon was aanvoelbaar. 'n Span van die NWU het vanjaar weer moeite gedoen om die Comrades-atlete wat 'n verbintenis met die NWU het, langs die roete by te staan. (Berig op p4 en 5)

Waarskynlik die grootste motivering vir atlete om ten spyte van pyn en moegheid tot die bitter einde vas te byt, is die kameraderie onder die atlete en die ondersteuning van die toeskouers langs die pad.

Ook by die NWU speel kameraderie en ondersteuning 'n groot rol. Net oor die halfpadmerk van 2011 is dit duidelik dat

die NWU-gemeenskap reeds goed op pad is om talle van die doelwitte vir 2011 te bereik deur saam skouer aan die wiel te sit.

Die inhoud van hierdie uitgawe van Eish! beklemtoon die belangrikheid van spanwerk: lees gerus hoe ons akademië saam die voortou neem op nasionale vlak (p11), hoe ons personeel geboue laat oprig (p12) en hoe ons kundiges die beeld van die universiteit uitbou deur deel te neem aan die openbare debat oor 'n verskeidenheid onderwerpe (p7).

Die jaar loop en die tempo neem toe. Kom ons spoor mekaar aan in die gees van



kameraderie en pak die res van die jaar aan met hernude moed en krag.

Groete,

Nelia & Marelize

NWU maak vordering met energiedoeltreffendheid

In ons tweede berig oor energiedoeltreffendheid het Eish! weer met die "Meet en Weet"-kantoor van die Institusionele Departement: Fisiese Infrastruktuur en Beplanning (FIB) gesels. Ons het meer uitgevind oor algemene energieverbruik op die drie kampusse, hoe Eskom se tariefverhoging veral die Potchefstroomkampus sal raak, en wat die NWU kan doen om elektrisiteit te bespaar.

Volgens mnr Hendrik Esterhuizen, ingenieur van FIB, het die tyd aangebreek om ernstig oor energiebesparing na te dink. Dit is noodsaaklik om te verseker dat die universiteit sy finansiële en omgewingsverantwoordelikhede nakom. "Ons moet nou daardie ekstra poging aanwend en ernstig nadink oor ons tyd-van-gebruik-energieverbruik, en bepaal wat ons kan doen om energie te bespaar," sê hy.

ENERGIEMETING

Die drie kampusse van die universiteit het talle sub- en ministasies om die voorsiening van elektrisiteit vanaf die betrokke munisipaliteit of Eskom in stand te hou. Gelukkig is die Meet en Weet-kantoor in staat om deur sy sentrale moniteringstelsel op hoogte te bly met die algehele verbruik. Om energieverbruik meer sigbaar te maak en makliker te verstaan en beheer, is 'n energiemeting wat gebruik maak van geoutomatiseerde meterlesings vir die hele universiteitstelsel geïmplementeer. Meer energiebeheermaatreëls sal ingestel word om 'n optimale stelsel in die toekoms te vestig.

TARIEFHERSIENING

Die stygende koste van elektrisiteit het 'n kostebesparingsinisiatief by die universiteit aan die gang gesit. Elke kampus het 'n ander tariefstruktuur, gegrond op sy energieverbruikspatrone.

- Potchefstroomkampus: tweeledige energie dag/nag met 'n vasteperiode-energietarief en 'n aparte maksimumaanvraagtarief.
- Mafikengkampus: eenledige energie met aparte maksimumaanvraagtarief.
- Vaaldriehoekkampus: eenledige energie met aparte maksimumaanvraagtarief.

Vir April/Mei 2011 se elektrisiteitsrekening was die effektiewe koste per kampus die volgende:

- Potchefstroomkampus: 83,40 c/kWh insluitend BTW
- Mafikengkampus: 84,18 c/kWh insluitend BTW
- Vaaldriehoekkampus: 74,86c/kWh insluitend BTW

Vanaf Julie 2011 sal die tarief by die hoofsubstasie in Potchefstroom van 'n tweeledige tarief na 'n drieledige tarief verander. Dit is die Potchefstroom Munisipaliteit (Tlokwe) se E-tariff en sal op Eskom se Megaflex-tarief gegrond wees met verskillende tydsones en tariewe soos deur die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA) goedgekeur is. Die tariefstruktuur vir die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus sal dieselfde bly.

Energieverbruik sal in die spitslastydperk, standaard- en buitespitstyd gemeet word en sal ook volgens aanvraagseisoene geklassifiseer word. Lae aanvraagseisoen is van September tot Mei en hoë aanvraagseisoen is in Junie, Julie en Augustus. Dit impliseer dat elektrisiteit duurder sal wees gedurende sekere tye van die dag en die jaar.

Die tabel hieronder toon hoeveel 'n eenheid (kWh-gedeelte) elektrisiteit volgens die bepaalde seisoen en aanvraagvlak sal kos.

Hoë aanvraagseisoen (Junie, Julie, Augustus)		
Spitslastydperk	Standaardtyd	Buitespitstyd
R3,115	R0,888	R0,5233
Lae aanvraagseisoen (September tot Mei)		
Spitslastydperk	Standaardtyd	Buitespitstyd
R0,946	R0,6205	R0,4656

WAT KAN DIE NWU DOEN OM KRAG TE BESPAAR?

FIB pas 'n praktiese lasbestuurstrategie toe, byvoorbeeld om warmwaterstelsels by kampsukoshuise te beheer.

Die veranderings in die tariefstrukture impliseer dat hierdie strategie aangepas sal moet word, nie slegs om die maksimum aanvraag te beheer nie, maar om ook voorsiening te maak om energieverbruik van die spitslastydperk na standaardtyd te verskuif.

Volgens dr Johan Delport, raadgewende ingenieur by NERSA, sal jy nie jou energievoetspoor maklik kan verlaag as jy nie jou energieverbruik kan meet nie.

Dit is die rede waarom FIB na energiedoeltreffendheid mik.



Die NWU-ondersteunerspan wys hoe lyk die stalletjie waar die Comrades-deelnemers vir 'n wyle kon stop om te rus. Van links is mnr Kaizer Phakathi, Potchefstroomkampus, en mnr Corrie Landsberg van die Mafikengkampus, me Elmarie Cronje en mnr Louis Jacobs van die Institusionele Kantoor, Mary Tlhapi van die Mafikengkampus, Annette Willemse van die Vaaldriehoekkampus, me Pertunia Thulo van die Institusionele Kantoor en mnr Johan van Zyl van die Potchefstroomkampus.

Hulle hou **hardlopergees** hoog by **Comrades**

Dis bloed, sweet en tranes, maar ook 'n gees van kameraderie waarvan 'n mens bewus word wanneer jy as ondersteuner van die Comrades langs die pad staan en water aangee.

Vanjaar was die NWU se ondersteunerspan weer op hul pos op Sondag, 29 Mei, langs die 89-kilometer ultramarathonroete.

Sowat 30 kilometer voor die einde het die NWU-span tent opgeslaan en gereed gestaan met water, logistieke ondersteuning, motivering en vele meer.

Die ondersteuners het uit verteenwoordigers van die drie kampusse en die Institusionele

Departement Korporatiewe Sake en Verhoudinge bestaan.

'n Totaal van 17 atlete, wat almal 'n verbintenis het met die NWU, het vanjaar onder die vaandel van die NWU aan die Comrades ultramarathon deelgeneem. Hierdie atlete is deur die NWU se Institusionele Kantoor geborg, as deel van 'n doelbewuste poging van die universiteit om die handelsmerk uit te bou en die instelling te posisioneer as 'n diverse en innoverende universiteit met 'n wen-sportkultuur.

Elkeen van die atlete se Comrades-ervaring het begin met 'n middagete by die NWU PUK Sports Village op 23 Mei, waar die

ondersteuners en deelnemers elkeen 'n geskenk-pak van dr Theuns Eloff, die vise-kanselier, ontvang het, as deel van Korporatiewe Sake en Verhoudinge se borgskap. Die geskenk-pak het 'n NWU-sweetpak, NWU-sportsak, pet, gholfhemp en NWU logo "borgwapen" (vir die atlete) ingesluit.

Van die 17 atlete wat aan die Comrades sou deelneem, het 11 met medaljes teruggekeer huis toe. Een atleet, mnr George Kgoete, het die ultramarathon voltooi, maar net-net die afsnytyd gemis.

Mnr Willie Lubbe het met die beste NWU-tyd van 07:35:54 geëindig en daarmee 'n Bill Rowan-medalje verower.

Me Rika Huyser, wat haar vierde Comrades gehardloop het, het as beste NWU-vroue-atleet met 'n tyd van 08:52:43 klaargemaak, waarmee ook sy 'n Bill Rowan-medalje ontvang het.

Twee van die 17 atlete, me Chantalèze Harmse en mnr Marius Esterhuizen, het hul eerste Comrades vanjaar aangepak en albei het brons medaljes verower.

Marius se vrou, Martie, het haar dank teenoor die ondersteunerspan uitgespreek,

veral in terme van "al die bruikbare items" wat geskenk is.

Volgens mnr Waldo Weyer, wat vanjaar sy derde Comrades met 'n tyd van 11:34:58 voltooi het, het die ondersteunerspan die marathon vir die hardlopers 'n bietjie makliker en meer besonders gemaak.

"Ek is dankbaar dat ek darem kon uithou tot die einde en hopelik kan ek volgende jaar weer deelneem," het hy gesê.


NAAM	TYD	MEDALJE
Willie Lubbe	07:35:54	Bill Rowan
Rika Huyser	08:52:43	Bill Rowan
Chantalèze Harmse	10:33:13	Brons
Paul Harmse	10:38:08	Brons
Marius Esterhuizen	10:45:24	Brons
Johan Lampbrecht	10:51:46	Brons
Waldo Weyer	11:34:58	Vic Clapham
Koos Degenaar	11:41:29	Vic Clapham
Cobus Groenewald	11:47:57	Vic Clapham
Ettiene Pretorius	11:56:13	Vic Clapham
Meshack Qinisa	11:57:30	Vic Clapham
George Kgoete	12:02:33	Geen



Van al die vroue-atlete wat die Comrades voltooi het, was me Chantalèze Harmse (middel), 'n twintigjarige studente-assistent van die Vaaldriehoekskampus, die jongste.



Mnr Louis Jacobs van die Institusionele Kantoor (links) vra vir mnr Waldo Weyer of hy iets nodig het van die ondersteunerspan.



Me Rika Huyser van die Mafikengskampus het 'n Bill Rowan-medalje verower.



Menseregte

By die NWU het menseregte 'n adres. Hierdie adres is die kantoor van prof Madoda Zibi, Institusionele Direkteur: Diversiteit, Gelykheid en Menseregte. In ons reeks, "Fokus op", neem ons menseregte by die NWU onder die loep deur 'n paar vrae aan prof Madoda te stel.



V: Wat is die NWU se standpunt oor menseregte?

A: Die universiteit glo dat die fundamentele regte en waardes, soos vervat in die Suid-Afrikaanse Grondwet, deur alle lede van die universiteitsgemeenskap gerespekteer moet word en toegepas behoort te word as 'n integrale deel van ons praktyke en beleide.

Trouens, volgens ons Institusionele Plan is die NWU daartoe verbind om 'n institusionele kultuur van menseregte by die universiteit te kweek en te handhaaf.



Prof Madoda Zibi is die Institusionele Direkteur: Diversiteit, Gelykheid en Menseregte.

V: Watter strukture is in plek om om te sien na die menseregte van studente en personeel?

A: Die Raad het onder beskerming van die NWU se Menseregtebeleid 'n Menseregtekomitee in die lewe geroep. Die komitee, onder voorsitterskap van 'n onafhanklike regskenner, adv Solly Sithole, bestaan uit 12 lede wat die NWU-gemeenskap verteenwoordig.

Die meeste van die komiteeledes is deur hul onderskeie kampusrektors benoem en verskeie van hulle het 'n regsagtergrond.

Hoewel dit die komitee se primêre funksie is om as verwysingspunt op te tree vir sake wat met menseregte verband hou, vervul dit ook 'n ombuds- en moniteringsfunksie by die universiteit.

V: Hoe gereeld vergader hierdie komitee?

A: Die komitee vergader vier keer per jaar, maar spesiale vergaderings word belê as daar dringende sake opduik wat verhoor moet word.

V: Hoe gaan 'n mens te werk om menseregte-vergrype aan te meld?

A: Eerstens is dit die plig van die persoon wie se regte geskend is om dit by my kantoor aan te meld. Ek verkies om eers alleen met die klaer te gesels om te bepaal of die saak inderdaad na die Menseregtekommissie toe verwys behoort te word.

Om duplisering te vermy, maak ek ook seker dat een of ander beampte of departement, soos Studentesake op 'n kampus, nie reeds besig is met die saak nie.

Sodra die persoon die klag op skrif gestel het, word dit na die Menseregtekomitee

toe verwys. As die saak meriete het, sal die komitee die aangeleentheid ondersoek deur al die betrokke partye te kruisondervra. Die komitee sal dan aanbevelings maak aan die Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal, mnr Victor Mothobi, wat dit vervolgens aan die institusionele bestuur sal voorlê.

V: Watter stappe kan die Menseregtekomitee neem?

A: Alhoewel die komitee nie die gesag het om uitsprake te maak of tugstappe te neem nie, kan aanbevelings gemaak word dat stappe deur die bestuur geneem word. Ondersteuning van die bestuur se kant af is dus van die uiterste belang.

V: Hoe dikwels verhoor die Menseregtekomitee sake?

A: Omtrent twee of drie sake per jaar.

V: Hoe maak julle die NWU-personeel en -studente meer bewus van menseregte?

A: Ons verkies om proaktief te wees en te beklemtoon dat lede van die NWU-gemeenskap nie net bewus moet wees van hul eie regte nie, maar ook die regte van ander mense moet respekteer. Ons doen dit deur sprekers te nooi op spesiale dae, soos Menseregtedag, en deur seminare op ons kampusse te organiseer, of deur akademiese van ons regs fakulteite te vra om lesings te gee of artikels te skryf oor menseregte.

Ons volgende geleentheid sal georganiseer word in samewerking met die kantoor van die institusionele registrateur. Dit sal 'n seminaar wees oor die bevordering van toegang tot inligting (ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang op Inligting, Wet 2 van 2000) en die beskerming van persoonlike inligting.

Die seminaar sal op 11 Augustus 2011 gehou word en 80 afgevaardigdes van regoor die universiteitsgemeenskap sal genooi word om dit by te woon.

NWU-kundiges kén hul storie

In ons reeks oor NWU-kundiges se kommentaar wat in die media verskyn het, deel ons in hierdie uitgawe inligting met ons lesers oor onderwerpe wat strek van sport en politiek tot natuurverskynsels.

“ Dalk het ons die afgelope tyd te veel senior rugbyspelers van ander plekke ingebring, in plaas daarvan om ons jong outjies deur die sisteem te neem. Ons het 'n ontwikkelingsprogram in plek en gaan nou weer baie daarop konsentreer om hulle voor te berei sodat hulle reg sal wees om professionele rugby te speel wanneer hulle deur die sisteem is. ”



Mnr Hannes Esterhuizen, nuut aangestelde hoofafriqter van die NWU-PUK Rugbyinstituut op die Potchefstroomkampus.
OFM, 12 Mei 2011



“ Anders as in die verlede, het hierdie afgelope plaaslike verkiesing 'n stewige nasionale greep op die land gehad. Dit was as't ware 'n nasionale verkiesing in die klein. Dit is waarskynlik omdat dit oor nasionale vraagstukke – byvoorbeeld dienslewering – gegaan het, en nie net oor kleindorpse kwessies nie. ”

Mnr Theo Venter, politieke kenner, NWU.
RSG, 23 Mei 2011

“ Ten spyte daarvan dat die water in die Golf van Mexiko tans een graad Celsius warmer is as gewoonlik en dat dit die intensiteit van die tornado's in Amerika beïnvloed, moet 'n mens versigtig wees om die hedendaagse intense weerpatrone aan klimaatsverandering toe te skryf. Só waarsku die Amerikaanse *National Severe Storms Laboratory*, wat dié jaar tot dusver as slegs die negende-ergste tornado-jaar op rekord bestempel. ”

Prof Kobus van der Walt, omgewingskundige, Fakulteit Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus.


RSG, 28 Mei 2011



“ As daar mikroskopiese, nie-parasitiese aalwurms baie diep in mynwater wat tussen 3 000 en 10 000 jaar oud is, onder baie hoë temperature en by baie lae suurstofvlakke kan bestaan, kan ons die moontlikheid dat daar ook ander meersellige organismes onder sulke omstandighede kan bestaan, glad nie uitsluit nie. ”

Prof Driekie Fourie, navorsers, Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur, Potchefstroomkampus.
RSG, 4 Junie 2011

“ Daar bestaan 'n ál wyer besef dat Suid-Afrika se toekomstige ekonomiese groei baie sterk beïnvloed gaan word deur die sukses, al dan nie, van klein, middelslag- en mikro-ondernemings (KMMO's). As ons dus die 'oorlog' teen werkloosheid wil wen, moet dié sektor baie vinnig spesiale aandag kry. ”



Prof Tommy du Plessis, Direkteur: Potchefstroomse Besigheidskool, Potchefstroomkampus.

Sakebeeld, 2 Junie 2011

Van taal tot opvoedkunde en skilder

In ons voortgesette reeks oor die dekane aan die NWU het Eish! met prof Robert Balfour, Dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus, gepraat.

Prof Robert het in Januarie vanjaar by die NWU aangesluit. Komende van KwaZulu-Natal erken hy dat hy Durban se soel winters mis, maar hy sê dat die somers in Potchefstroom net so warm en vogtig is as in Durban. Hy is in Johannesburg gebore, het op 'n plaas naby die Olifantsrivier grootgeword, en was in Pretoria in 'n kosskool.

“Dit was in daardie dae 'n Katolieke seunskool, baie akademies georiënteer en baie streng, maar met wonderlike geriewe en geleentede vir persoonlike groei. Dit was daar dat ek met oosterse meditasietegnieke kennis gemaak het – dit was baie progressief vir 'n Katolieke skool in die 1980's!” onthou prof Robert.

Prof Robert se kundigheid lê hoofsaaklik by linguistiek. Hy het aan Rhodes Universiteit studeer en sy hoofvakke was Engels en Geskiedenis.

“My gunstelingvak was kunsgeskiedenis, maar omdat dit gelyk het asof dit nie tot 'n loopbaan sou lei nie, het ek met Engels aangegaan en later met linguistiek vir onderwys,” sê hy.

BRIEWE UIT CAMBRIDGE

Hy het sy honneursgraad en HOD aan Rhodes verwerf, gevolg deur 'n MA in letterkunde en linguistiek aan die Natalse Universiteit. Dit is gevolg deur drie jaar aan Cambridge, waar hy 'n PhD in toegepaste linguistiek verwerf het.

Volgens prof Robert is dit baie makliker vir Suid-Afrikaanse studente hier in vergelyking met studente in die Verenigde Koninkryk, deels omdat die behoefte aan ontwikkeling in Suid-Afrika so groot is.

“In Cambridge gaan die gemiddelde ou onder. Dit is 'n onapologetiese elitistiese instelling, maar sy bydrae tot geleerdheid oor die afgelope 800 jaar maak dit moeilik om dit as gevolg daarvan te ontken,” sê hy.

Cambridge is een van die top instellings in die wêreld en prof Robert beskou homself as gelukkig dat hy verskeie beurse gekry het om sy studies daar voort te sit. Hy sê dat die kompetisie straf was en die akademie selfs strawwer.

OPVOEDINGSWETENSAPPE EN MEER

As Dekaan: Opvoedingswetenskappe geniet prof Robert dit om met intelligente en interessante mense om te gaan en hulle so ver as wat hy kan, te help.

Hy wys daarop dat sy kollegas wonderlike en toegewyde mense is wat professioneel en deernisvol is. Hy sien dit as 'n sterk punt vir die fakulteit.

“Ek glo in my kollegas. Die goeie reputasie wat hulle onder hulle studente en in ons skole en gemeenskappe het, is altyd bevredigend,” sê hy. Hy waardeer ook die mense op die Potchefstroomkampus omdat hulle baie vriendelik en vergewensgesind is oor sy “gebrekkige Afrikaans”.

Toe hy uitgevra is oor wat hy as 'n uitdaging vir die fakulteit sien, antwoord hy so: “Die gebrek aan bekwame, intellektuele persone in die klaskamer is die nasionale prioriteit, want sonder 'n vaardige en opgeleide bevolking word ekonomiese groei gerem.”

“Opvoedkundefakulteite kan eenvoudig nie genoeg doen om in die behoefte te voorsien nie, en ons is oor die algemeen nie goed genoeg voorsien om sowel uitstekend as voldoende die taak uit te voer nie.

“Die professie het onder die erfenis van apartheid gely op maniere wat ons nog nie verstaan nie. Opvoeding vir diversiteit, opvoeding vir lewensgehalte en maatskaplike en omgewingsorg is nog steeds te ver van die nasionale agenda af. Ons probeer in die 21ste eeu steeds volwassenes leer lees en kinders so ver kry om hulle potensiaal te verstaan. Dis 'n nasionale tragedie.”

OPVOEDKUNDE-REPUTASIE

Prof Robert se droom vir die fakulteit is om 'n reputasie van onderrig daar te stel wat gelyk is aan die Instituut vir Opvoedkunde (Universiteit van Londen) of die Fakulteit van Opvoedkunde (Cambridge), wat onderskeidelik die nommer een en twee opvoedkundige instellings in die Verenigde Koninkryk is.

Volgens prof Robert maak die huidige modelle vir die befondsing van onderrig in hoërondewysinstellings in Suid-Afrika dit ongelukkig moeilik.

“Ons waardeer nog nie dat die *nobel laureates* in wetenskap of wiskunde, of ook in die literatuur, van ondewysinstellings kom wat sulke ontwikkeling bevorder nie. In Suid-Afrika het te min mense toegang tot gehalteondewys wat sulke moontlikhede toelaat,” sê hy.

Hy erken dat toe hy oorsee was, hy verstom was om uit te vind dat daar hele universiteite is wat in ondewysontwikkeling spesialiseer – nie net fakulteite van opvoedkunde, of kolleges of skole vir ondewysstudies nie – maar hele instellings wat aan hierdie doel toegewy is.

Sy lewensfilosofie pas by sy passie vir ondewys. Hy wil hê dat mense die opvoeding van kinders moet waardeer sodat hulle beter vir die wêreld kan sorg. “Waardeer ook wat jy het, want selfs al kan jy dit bekostig, bly dit steeds 'n geskenk.”

GEBRUIK KREATIEWE KLEUR

Prof Robert is nie net 'n taalkundige en kenner van opvoedkunde nie, maar ook 'n skrywer en skilder wat al kortverhale en gedigte gepubliseer en kunsuitstallings gehou het. Volgens hom skryf en skilder hy wanneer hy in sy werk of in die akademiese lewe dit moeilik vind om betekenis te kry.

“Ek dink die introvert in my laat my die betekenis van slegs bestaan en verbruik, bevraagteken. Ek dink by tye die belangrikste werk wat ons kan doen, is om iets

te ontdek, omdat dit iets vir ons wêreld teruggee," sê hy oor sy kreatiewe sy.

Die jongste kortverhaal wat hy gepubliseer het, was in 2009, terwyl sy jongste gedigte slegs 'n paar maande gelede verskyn het. Hy het ook onlangs 'n skildery van akriel, glasfragmente met goudblad en olieverf voltooi.

"Ek kan nie voorgee dat enigiets wat ek doen wonderlik is nie, maar dis my manier om God te prys."

Prof Robert se gunsteling

Gunstelingkos: Wyn en 'n lekker sigaar.

Gunstelingfiek/-boek/-digter: Fiek: Gods and monsters. Boek: 'n Ander land deur Karel Schoeman; A bend in the river deur VS Naipaul. Digter: Elizabeth Bishop (The art of losing).

Wat my in mense verstom: Hulle humor en welwillendheid.

Wat my gelukkig maak: Wanneer ek in 'n gesprek met plesier op 'n punt kan toegee.

Beroemde persoon met wie ek graag sou wou gesels, en waarom: Niemand nie. Ek het meer geleer van nederigheid by die mense om my wat my in hulle lewens toelaat en my wys hoe om te lewe, goedhartig te wees en my inspireer om my beste self te wees.

Wat ek doen vir ontspanning: Skryf, skilder en lees ...

My beste vakansie ooit/beste vakansiebestemming: Andalusië: 'n Reisiger wat deur die Medina Al-Zahra in Cordoba gereis het, het stilgestaan om vir die ruïnes te roep: "Waar is die 'pragtige stad?' Keer terug na my en lewe!" 'n Stem uit die puin het geantwoord: "Reisiger, kan die gestorwenes ooit weer terugkeer?"

My gunstelingtroeteldiere/-diere: My mopshonde, Bruno en Belle; hulle herinner my elke dag dat dit goed is om vir diere en die omgewing lief te wees.



Rolbalspelers met die oog op die bal

Mnr Rhino Pivalizza, 'n sportbeampte in die Departement Studentesake op die Mafikengkampus, en dr Ryno Verster, 'n senior lektor verbonde aan die Sentrum vir Diergesondheidstudies op dieselfde kampus, blink voorwaar uit op die rolbalbaan.

Rhino het begin rolbal speel toe hy nog 'n tiener was. Hy was tweede in die Bophuthatswana Ope en wenner van die Mafikengse enkelspeltitel. Na 'n tydjie wat hy homself op binnenshuise krieket toegespits het, het hy die mansenkampioen geword in 2009. Kort daarna het hy die bronsmedalje verower by die Kampioene van Kampioene-toernooi.

Dr Ryno is ook 'n rolbalfoendi. In 2002 het hy die enkelspeltitel by Sunnyside-klub gewen en sedert vroeër vanjaar is hy die mansenkampioen van die Mafikeng-rolbalklub. Hy was ook lid van die span wat in 2007 die Noordwes Tweede Liga gewen het.

Deesdae is Rhino en dr Ryno lede van Mafikeng se span wat aan die dag-en-nag-ligawedstryde deelneem. Die nagspan het tweede geëindig uit die 14 spanne wat in 2011 aan die Coligny-nagliga deelgeneem het.

Hulle honger steeds na sukses en is dit eens dat provinsiale of nasionale kleure bereikbare doelwitte vir die nabye toekoms is.

Enigeen wat belangstel om te speel of om meer uit te vind oor rolbal, kan dr Ryno by 076 629 6832 kontak.



Me Thandi Modise (Noordwes se Premier) het die hoofrede by die konferensie gelewer.

NWU steun die premier se teenkorrupsieveldtog

Die Mafikengkampus het hulle steun toegesê aan die provinsiale teenkorrupsieveldtog deur deel te neem aan die konferensie wat onlangs in Rustenburg gehou is.

Dit het deel gevorm van 'n vennootskap tussen Mafikeng, Noordwes se provinsiale kantoor van die premier en die provinsiale teenkorrupsieforum (PACF).

Verskeie instellings van regoor die provinsie het die konferensie bygewoon en hulle volle steun toegesê om korrupsie in die regering te beveg as poging om die doeltreffendheid van dienslewering binne Noordwes te verbeter.

Die hoofrede is gelewer deur Noordwes se Premier, me Thandi Modise, wat die noodsaaklikheid vir teenkorrupsie en skoon audits binne die provinsie beklemtoon het.

Premier, me Modise het beklemtoon hoe korrupsie dienslewering regoor die land verlam.

Prof Mogege Mosimege (Viserektor: Akademie) het tydens sy toespraak beklemtoon dat die universiteit as 'n instelling teenkorrupsie sal steun.

Die konferensie is gehou ter voorbereiding van die komende bekendstelling van die provinsiale teenkorrupsie-webwerf.

Rektor reik uit na akademici

Die Kampusrektor, prof Dan Kgwadi, het 'n veldtog van stapel gestuur om meer interaksie met en tussen personelede te bewerkstellig. Die veldtog het afgeskop met 'n reeks informele etes.

Volgens prof Dan is die doel met die etes om informele kommunikasie aan te moedig en om personeel die geleentheid te gee om kwessies te opper wat hul werk affekteer, sowel binne as buite die lesingsale. Sodoende kan probleme geïdentifiseer word

en oplossings gevind word sodat die kampus kan verbeter en vorentoe kan beweeg. Die eerste ete is deur meer as 50 akademici bygewoon, insluitend dosente, dekane, direkteurs en departementshoofde van die vyf fakulteite op die Mafikengkampus.

Sake wat na vore gekom het tydens die ete sluit in die behoefte aan aktiwiteite om personeel en studente saam te bring. Daar is klaarblyklik ook 'n behoefte aan 'n personeelklubhuis. 'n Kampus-gesondheids-

en -welstandskomitee is in die lewe geroep om personeel behulpsaam te wees met uitbranding en stresverwante probleme. Nóg 'n aktuele onderwerp was die studentevaluering van dosente en voorstelle is gemaak oor hoe prestasie verbeter kan word.

"Ek hoop dat dit die personeel nader aan mekaar sal bring en sal help om die gaping tussen personeel en bestuur te oorbrug," sê prof Dan. Soortgelyke sessies sal met alle ondersteuningspersoneel gehou word ten einde dienslewering en die kampus se uitsette te verbeter.

Potchefstroom Besigheidskool wys hulle is aan voorpunt

Die Potchefstroom Besigheidskool (PBS) spog vanjaar met 64 MBA-graduandi.

Hierdie grade is tydens 'n gradeplegtigheid oorhandig en is gevolg deur 'n spoggerige prystoekenningsdinee by Crista-Galli. Tydens hierdie glansgeleentheid is 20 sertifikate aan die beste studente in elke module oorhandig.

Mnr Pieter Conradie, 'n industriële ingenieur van Arcelor Mittal in Newcastle, is as die *Beste Algehele Presteerder* oor drie jaar aangewys en het die goue Old Mutual-toekenning ontvang. Pieter het ook die silwer medalje van die *Professional Provident Society* (PPS) ontvang vir die beste skripsie gelewer in die finale jaar.

Pieter het nie net met die algehele prys weggestap nie, maar het ook in die vakgebied: Strategie-formulering en implementering, die eerste plek met me Hesti Enslin van Hoërskool Wesvalia in Klerksdorp gedeel.

Volgens die Direkteur van die PBS, prof Tommy du Plessis, is hulle baie tevrede met die resultate wat behaal is.

"Ons weet dat al die MBA-graduandi met die nodige kennis, vaardighede en ervaring toegerus is om 'n verskil in die werkomgewing te kan maak," sê hy.

Die PBS het vanjaar ook drie doktorsgrade toegeken.



Prof LJ Grobler verkies as genoot van SAAI

Prof LJ Grobler van die Skool vir Meganiese Ingenieurswese is eenparig verkies as 'n genoot van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Ingenieurswese (SAAI) tydens dié organisasie se pas afgelepe algemene jaarlikse vergadering.

Hy sal later vanjaar as genoot bevestig word en 'n lidmaatskapsertifikaat ontvang.

Die SAAI is 'n onafhanklike instansie sonder winsoogmerk, met meer as 160 genote. Die Akademie beywer hulle vir die bevordering van uitnemendheid in die wetenskap en toepassing van ingenieurswese tot voordeel van alle Suid-Afrikaners.

Die Akademie bestaan uit Suid-Afrika se mees voortreflike ingenieurs uit alle dissiplines en uit verwante professionele persone wat oor bewese vermoëns beskik.

Verkieping tot die Akademie geskied slegs op uitnodiging. Tot 20 nuwe genote wat uitsonderlike bydraes gemaak het tot ingenieurswese word jaarliks verkies.

Hulle word op grond van persoonlike prestasie van besondere meriete en onderskeiding deur hul eweknieë verkies. Genote word onderskei deur hul titel "Genoot van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Ingenieurswese".

Vir meer inligting oor SAAI, besoek www.saaie.co.za.

Prof Tiaan Brink staan aan hoof van SA-farmakologie

Prof Tiaan Brink van die Skool vir Farmasie is benoem as die president van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Basiese en Kliniese Farmakologie (SAVBKF).

"Dit is vir my 'n baie groot eer, maar tegelyk ook 'n besondere uitdaging. Ek sien my rol as een van dienslewering aan lede, die wetenskap en gesondheidsorg in die land. My verkiesing bied die geleentheid om in spanverband voort te bou op die inisiatiewe van die vorige bestuur, wat reeds 'n groot impak gemaak het en 'n basis vir nuwe ontwikkelings gelê het," sê prof Tiaan.

Die SAVBKF dien farmakoloë vanuit al die mediese en aptekerskole in die land, sowel as navorsers uit verwante dissiplines,

mediese praktisyns, aptekers en die farmaseutiese industrie.

Daar is 'n sterk klem op kapasiteitsbou onder jong wetenskaplikes en die skep van geleenthede vir farmakoloë om internasionaal deel te neem en op die kontinent die leiding te neem.

Prof Tiaan meen die NWU is op die regte pad. "Ek sal graag wil sien dat die naam van die universiteit in die toekoms steeds hoog gehou en raakgesien word. Ons speel 'n leidende rol op die gebied van farmakologie in Suid-Afrika en word reeds op die kontinent en internasionaal erken vir ons waardevolle bydraes.

"Om steeds hierdie rol te bly vertolk en selfs uit te brei, sal net deur volgehoue harde werk en innoverende insette moontlik wees," voeg hy by.



Prof Tiaan Brink.



'n Kunstenaarsvoorstelling van die nuwe biblioteek.



Nuwe "groen" biblioteek in die vooruitsig

Die argitektoniese planne vir die nuwe biblioteek op die Vaaldriehoek-kampus is onlangs bekend gemaak.

Volgens die voorgestelde planne sal die nuwe biblioteek tussen die studentesentrum, wat tans onder konstruksie is, en die nuwe Opvoedkundige Wetenskappe-gebou (gebou 11), opgerig word.

Dié geoormerkte gebied sal aan die biblioteek 'n "groen" status verleen omdat dit nie net op die damme en gepaardgaande voëllewe uitkyk nie, maar ook binne die weidingsgebied van die verskillende boksoorte sal wees.

Volgens me Hendra Pretorius, biblioteekbestuurder, sal die nuwe omgewingsvriendelike fasiliteit, tesame met die ultramoderne geriewe, 'n "aangename gebruikerservaring" verseker.

"Die voorgestelde nuwe biblioteek sal nie net deel uitmaak van die kampus se intensiewe infrastruktuur-uitbreidingsprojek nie, maar sal ook as 'n simbool van volgehoue leer en toekoms-gereedheid dien," sê Henda.

Bouwerk aan die nuwe fasiliteit sal na alle waarskynlikheid later vanjaar 'n aanvang neem ná die finale goedkeuring tydens die Raadsvergadering in September verkry is.

Sommige van die nuwe toevoegings sluit onder meer in 'n boekversameling van meer as 15 000 titels, 'n 24-uur-studeerarea, geriewe vir groepsleer, Wi-Fi-verbintenis asook meer as 150 rekenaar-punte. 'n Spesiale area sal ook vir navorsing beskikbaar wees.

Personeel en studente word aangemoedig om hul insette te lewer deur óf gebruik te maak van die biblioteek se Facebook-bladsy óf die idee-boks in die ingangsportaal van die huidige biblioteek.

Memento Vivere – Ek lééf

Tydens 'n onlangse glansgeleentheid wat by die Quest Conference Estate in Vanderbijlpark plaasgevind het, is alumni van die Vaaldriehoek-kampus getraakteer op een van die opwindendste musiekblyspele in Suid-Afrika, *Vivere!*.

Die gebeurtenis het aan almal die geleentheid gebied om met heimwee terug te dink aan die verlede, maar ook om hulself met die jongste ontwikkelings op die kampus te vergewis.

Volgens me Alwine Naude, alumnikoördineerder, was die doel van hierdie geleentheid nie net om nagraadse alumni te bedank vir hul volgehoue verbintenis met die kampus nie, maar ook om hul toewyding tot volgehoue akademiese leer te salueer.

Die woord "*vivere*" beteken in Latyns en Italiaans om "lewend te wees" of "om met oorgawe te leef".

Jannie Moolman, Joseph Clark en Annake de Villiers is net 'n paar van die talentvolle musikante wat hul buiging op die verhoog gemaak het. *Vivere!* neem jou op 'n musikale reis met genres wat wissel van ligte klassieke musiek tot opera, rock, pop en jazz. Tydens die blyspel is treffers soos *Miserere*, *All for Love*, *Una furtive lagrima*, *Granada*, *Skipskop*, *Ne Me Quitte*, *Nessun dorma* en *La donna e mobile* opgevoer.

Die kampus het meer as 10 000 name op die alumni-databasis, waarvan sommige van hierdie kontakte uit 1963 dateer.

Onderwysopleiding 'n prioriteit vir Vaaldriehoek-kampus

Die adjunk-minister van Hoër Onderwys en Opleiding, prof Hlengiwe Mkhize, het onlangs 'n nuwe opvoedkundige gebou op dié kampus geopen.

Die departement het 'n bedrag van R212 miljoen aan infrastruktuurbesteding bewillig vir die universiteit en die nuwe akademiese gebou is 'n direkte gevolg van dié belegging.

Die ultramoderne fasiliteit spog met ondermeer 'n fisika- en 'n chemielaboratorium,

verskeie lesingslokale en kantoorruimtes. Tydens hierdie geleentheid, wat deur verskeie verteenwoordigers van die plaaslike en nasionale regeringskringe bygewoon is, is die oproep tot kwaliteitgedrewe onderwysopleiding en die daarstelling van volhoubare en toeganklike hoër onderwys opnuut beklemtoon.

In sy toespraak het die visekanselier, dr Theuns Eloff, gesê dat dié nuwe gebou, tesame met die ander ontwikkelinge op die kampus, nie net 'n bewys is van groei nie,

maar ook die kampus se verantwoordbaarheid en diensbaarheid tot die omgewing.

In 2012 sal die Vaaldriehoek-kampus sy akademiese kurrikulum ten opsigte van onderwys-opleiding vergroot deur Tegniese Onderwys-opleiding aan te bied, en sodoende die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe te vestig as een van die grootste en mees gerekende opleidingsentrums in die streek.

MANDI WALLACE



THOREDI CHOABI



MARTIN PUTTKAMMER



ULRIKE JANKE



GERALDINE GERHARDI



Mense wat myle stap

Die NWU-kollegas wys steeds dat hulle altyd bereid is om die tweede myl te loop. Eish! gee graag erkenning aan hierdie personeel.

Volgens me Rolandie Roestorf, senior administratiewe assistent in die Departement Mensehulpbronne in die Institusionele Kantoor, is **me Mandi Wallace**, vaardigheids- en ontwikkelingsfasiliteerder van dieselfde departement, 'n baie bekwame kollega. "Mandi se breë kennis stel haar in staat om altyd haar take op so 'n wyse te verrig dat die NWU daarby baat," sê sy. "Mandi gee om vir haar kollegas en hanteer almal gelyk – maak nie saak wie jy is nie."

Me Thoredi Choabi, 'n administratiewe beampte in die Departement Tegniese Dienste op die Mafikengkampus word uitgesonder vir die uitsonderlike werk wat sy doen. "Sy is werklik toegewyd en maak seker dat alles glad verloop. Sy skroom nie om na-ure en naweke uit te help nie, en is altyd gewillig om belangrike dokumentasie by die Institusionele Kantoor te besorg – al beteken dit sy moet dit soms self aflewer," sê mnr Bethuel Ngakane, bestuurder van die departement.

Nog twee personelede wat baie verder as die spreekwoordelike myl loop in die verrigting van hul dagtaak, is **mnr Martin Puttkammer**, lektor, en **me Ulrike Janke**, projekbestuurder, beide van die navorsingseenheid: Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks in die Skool vir Tale op die Potchefstroomkampus. "Martin is altyd beskikbaar en help graag om enige probleem op te los – of dit nou met sy werk te doen het of nie, om nie eers van binne of buite kantoorure te praat nie! Ulrike verstaan dat dit nodig is om navorsers in staat te stel om goeie uitsette te lewer, en sy gaan uit haar pad uit om administratiewe take sover moontlik van ons navorsers se tafels weg te hou," sê prof Gerhard van Huyssteen, ook betrokke in dié eenheid.

Me Yolande Bechaz, sekretaresse van die Hoofdirekteur: Finansies in die Institusionele Kantoor gebruik graag hierdie geleentheid om **me Geraldine Gerhardi**, 'n

konsultant in die Departement Inligtingstechnologie op die Vaaldriehoekskampus te nomineer. "Sy doen altyd soveel moeite en gee nie om om op kort kennisgewing uit te help nie. Sy hou ons altyd op hoogte van sake en maak óns werk makliker," sê sy.

Me Chimoné Barends, opleidingsbeampte in die Departement Finansiële Stelsels en Verslaggewing van die Institusionele Kantoor is volgens me Rozanne van Schalkwyk, administratiewe assistent in die Eksamenafdeling van die Departement Akademiese Administrasie op die Potchefstroomkampus altyd bereid om die tweede myl te loop. "Ek het onlangs Oracle-opleiding by Chimoné ontvang, en die besonderse en professionele wyse waarop sy die proses aangepak het, het my werklik beïndruk. Sy het soveel geduld, glimlag altyd en niks is ooit te veel gevra nie," prys Rozanne.

Volgens me Annelize Cronje, akademiese ontwikkelingsbeampte in die Akademiese Ontwikkelingsentrum op die Mafikengkampus, verdien **me Ikanyeng Mokoka**, 'n administratiewe beampte in die sentrum, spesiale vermelding. "Ikanyeng help ons met administratiewe take en doen altyd ons reisreëlings met 'n glimlag. Sy skakel altyd om seker te maak of alles glad verloop het, selfs na-ure," sê sy. "Sy doen alles met blitsvinnige noukeurigheid."

"Leoni is 'n staatmaker," sê me Mpho Seshabela, administratiewe beampte in die Departement Rekordbestuur en Administrasie in die Institusionele Kantoor. Volgens Mpho is **me Leoni Coetzee**, 'n administratiewe assistent in die Skool vir Verpleegkunde op die Potchefstroomkampus, briljant met rekordbestuur. "Leoni besef die waarde van rekordbestuur en pas dit noukeurig toe – ek is trots op haar!"

Nóg 'n kandidaat wat nie bang is vir die tweede myl nie, is **me Helei Jooste**, sekretaresse van die Dekaan: Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie op die Vaaldriehoekskampus. "Die afgelope paar maande het die fakulteit baie gegroei en sy het uit haar pad gegaan om nuwe personelede en nagraadse studente welkom te laat voel," sê me Andrea Garnett, Direkteur: Navorsingsontwikkeling in die fakulteit. "Sy doen alles met 'n positiewe ingesteldheid en is waarlik 'n inspirasie."

As jy graag 'n kollega wat die ekstra myl in die uitvoering van sy of haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan Marelize.Santana@nwu.ac.za. Onthou om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

CHIMONÉ BARENDS



IKANYENG MOKOKA



LEONI COETZEE



HELEI JOOSTE



En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



Institusionele Kantoor:
Mnr Albert Janse van Rensburg,
senior interne ouditeur,
Departement Interne Oudit



Mafikengkampus:
Me Loraine Nel, sekretaresse
in die kantoor van die rektor



Potchefstroomkampus:
Me Santa Smal, sekretaresse
in die kantoor van die Hoof-
direkteur: Finansies en
Fasiliteite



Vaaldriehoekskampus:
Mnr Levi Mofokeng,
administratiewe beampte,
Departement Akademiese
Administrasie

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het – ons het behoorlik 'n klomp inskrywings van elke besigheidseenheid van die NWU ontvang. As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem.

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe **geskenk wen** – vind net hierdie **10 antwoorde!**



- 6: In watter department is die 'Meet en Weet'-kantoor?
- 7: Hoeveel kilometer is die Comrades?
- 8: Wie is mnr Hannes Esterhuizen wat op OFM gesels het?
- 9: Wie is die twee Mafikengpersoneellede wat so goed rolbal speel?
- 10: Watter gebou is onlangs op die Vaaldriehoekskampus geopen?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260

E-pos: Marelize.Santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnummer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!

Mandi dien op nasionale SETA-paneel

Me Mandi Wallace, vaardigheids- en ontwikkelingsfasiliteerder in die departement Mensehulpbronne: Bedryf by die Institusionele Kantoor, is sedert 1 April 2011 deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding aangestel as lid van die ETDP SETA-paneel (*Education, Training and Development Practices – Sector Education and Training Authority*).

Hierdie aanstelling stel Mandi in staat om haar kennis ten opsigte van vaardigheids- en ontwikkelingsbestuur verder uit te bou.

Sy sê dat dié aanstelling die universiteit baie kan baat: "Ek voel dat ek baie leer en dus ook baie meer vir my eie universiteit kan bied."

Mandi werk sedert Augustus 2007 by die Institusionele Kantoor. Sy dien egter al 'n




Me Mandi Wallace is vir vyf jaar aangestel as paneellid van die ETDP SETA (Education, Training and Development Practices – Sector Education and Training Authority).

geruime tyd op die CB-forum (*Community of Best Practice*) van Hoër Onderwys Suid-Afrika (HESA), en dit is vanuit hierdie agtergrond dat sy genominee is om op die SETA-paneel te dien. SETA het ten doel om die opvoeding, opleiding en ontwikkeling

by verskeie onderrig-entiteite in die land uit te bou. Verder word daar navorsing gedoen oor tersiêre instellings sodat dié instellings verbeter kan word.


Mandi se termyn strek oor vyf jaar.



Met kragverbruik onder die soeklig, is dit elkeen van ons se verantwoordelikheid om elektrisiteit te bespaar waar moontlik. Dr Theuns Eloff, visekanselier, ondersteun dié inisiatiewe van Fisiese Infrastruktuur en Beplanning.



Want **vryheid** gaan oor
meer as die **afwerping** van
kettings; dit is om **só** te **leef**
dat jy ook ander **mense** se vryheid
respekteer en **bevorder**. – Nelson Mandela



www.nwu.ac.za